



education

Department:  
Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GEOGRAFIE V1  
FEBRUARIE/MAART 2009**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 1 bylae van 11 bladsye.**



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 100 punte elk.
3. Alle diagramme is in die bylae ingesluit.
4. Nommer al jou antwoorde in die MIDDEL van die reël.
5. Laat 'n REËL OOP tussen onderafdelings wat beantwoord word.
6. Begin ELKE vraag bo-aan 'n NUWE bladsy.
7. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. OMKRING die nommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van die ANTWOORDEBOEK.
10. Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.
11. Skryf netjies en leesbaar.



**AFDELING A: WEER EN KLIMAAT, FLUVIALE PROSESSE EN STRUKTURELE LANDVORME**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

- 1.1 Verwys na FIGUUR 1.1. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.1.1 Die diagram illustreer toestande wat gedurende die dag voorkom.
- 1.1.2 Die grafiek illustreer 'n temperatuur-inversie.
- 1.1.3 Die afwaartse vloei van lug in FIGUUR 1.1 geïllustreer, staan as anabatiese lugvloei bekend.
- 1.1.4 Die sone gemerk **X** is die warm termiese gordel.
- 1.1.5 Die hitteverlies is as gevolg van aardradiasie. (5 x 2) (10)
- 1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 wat 'n landskap in Suid-Afrika voorstel. Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 A.
- 1.2.1 Die landskap wat in FIGUUR 1.2 geïllustreer is, word met ... gesteentes geassosieer.
- A massiewe stollings-  
B horisontale sedimentêre  
C hellende stollings-  
D hellende sedimentêre
- 1.2.2 Landvorm **P** is 'n ...
- A mesa.  
B cuesta.  
C butte.  
D tor.
- 1.2.3 Hangelement **Z** is die ...
- A kruin.  
B krans.  
C puinhang.  
D pediment.



1.2.4 Die landskap is tipies van ... streke in Suid-Afrika.

- A vogtige en warm
- B droë en warm
- C vogtige en koue
- D droë en koue

1.2.5 Die landskap is tipies in ...

- A Mpumalanga.
- B KwaZulu-Natal.
- C die Noord-Kaap.
- D Gauteng.

(5 x 2) (10)

1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat die globale verspreiding van die Aarde se drukkordels, planetêre windgordels en die driesiel-sirkulasie van lug voorstel, en beantwoord die vrae wat volg. Die planetêre windstelsel is die gevolg van coriolis-krag wat veroorsaak dat lug afwyk.

1.3.1 (a) Wat is verantwoordelik vir die bestaan van die coriolis-krag?  
(1 x 2) (2)

(b) Hoe verander die sterkte van die coriolis-krag vanaf die ewenaar na die pole?  
(1 x 2) (2)

(c) Verduidelik hoe die coriolis-krag aanleiding gee tot die planetêre windgordels soos in FIGUUR 1.3 voorgestel. (2 x 2) (4)

1.3.2 (a) Identifiseer die planetêre windgordels gemerk **A** en **B** onderskeidelik. (2 x 2) (4)

(b) In watter EEN van die planetêre windgordels genoem in VRAAG 1.3.2(a) ontwikkel middelbreedte-siklone? (1 x 2) (2)

(c) Met inagneming van jou antwoord op VRAAG 1.3.2(b), gee die algemene bewegingsrigting van 'n middelbreedte-sikloon. (1 x 2) (2)

1.3.3 (a) By watter posisie, **D**, **E** of **F**, kan 'n mens verwag om konveksiedonderstorms te kry? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord op VRAAG 1.3.3(a). (2 x 2) (4)



- 1.4 Verwys na FIGUUR 1.4 wat 'n satellietbeeld en sinoptiese weerkaart vir 26 Junie 2007 voorstel. Vind die twee middelbreedte-siklone gemerk **P** en **Q**. Lees aandagtig deur die weerbywerking en beantwoord die volgende vrae.
- 1.4.1 (a) Gee 'n bewys vanaf die sinoptiese kaart wat aandui dat **P** en **Q** middelbreedte-siklone is. (1 x 2) (2)
- (b) Watter een van die twee middelbreedte-siklone, **P** of **Q**, is heel waarskynlik ouer? (1 x 2) (2)
- (c) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 1.4.1(b). (1 x 2) (2)
- 1.4.2 (a) Met verwysing na die satellietbeeld en sinoptiese weerkaart, verduidelik waarom die Oos-Kaap reën en baie koue toestande ervaar. (4 x 2) (8)
- (b) Watter weertoestand, wat nie in die weerverslag genoem is nie, is duidelik sigbaar op die satellietbeeld? (1 x 2) (2)
- (c) Gee EEN rede waarom dit belangrik is om mense wat in die Oos-Kaap woon bewus te maak van die weerstoestand genoem in VRAAG 1.4.2(a). (1 x 2) (2)
- 1.5 Die swaar neerslag geassosieer met die middelbreedte-sikloon hierbo genoem kan lei tot erge vloedtoestande in al die geaffekteerde streke. Verwys na FIGUUR 1.5 wat 'n vloeihidrograaf voorstel wat tipies is van al die geaffekteerde streke. Die wanbestuur van dreineerbekke in die Oos-Kaap sal die vloeikenmerke van baie dreineerbekke in hierdie provinsie verander.
- 1.5.1 (a) Wat is 'n *vloeihidrograaf*? (1 x 2) (2)
- (b) Wanneer is die reënvalpiek bereik? (1 x 2) (2)
- (c) Wanneer is die vloedpiek bereik? (1 x 2) (2)
- (d) Bereken die tydsverloop (vertragingstyd) soos in FIGUUR 1.5 voorgestel. (1 x 2) (2)
- (e) Verduidelik waarom die tydsverloop (vertragingstyd) bestaan. (2 x 2) (4)
- 1.5.2 (a) Noem TWEE maniere waarop dreineerbekke deur menslike inmenging verander word. (2 x 2) (4)
- (b) Beskryf hoe die wanbestuur van dreineerbekke enige EEN van die volgende vloeikenmerke van rivierstelsels in die Oos-Kaap sal verander: tydsverloop (vertragingstyd), vloedpiek, dreineringsdigtheid. (1 x 2) (2)
- (c) Gee redes waarom die verandering wat jy in VRAAG 1.5.2(b) beskryf het, as gevolg van wanbestuur van dreineerbekke sal voorkom. (2 x 2) (4)
- (d) Verduidelik waarom dit belangrik is om dreineerbekke behoorlik te bestuur. (3 x 2) (6)



- 1.6 FIGUUR 1.6 stel die ontwikkeling van 'n strukturele landvorm, geassosieer met massiewe stollingsgesteentes, voor.
- 1.6.1 Identifiseer die landvorme gemerk **G** en **H** onderskeidelik. (2 x 2) (4)
- 1.6.2 Noem die oorspronklike ondergrondse stollingslandvorm waaruit landvorme **G** en **H** ontstaan het. (1 x 2) (2)
- 1.6.3 Beskryf kortliks hoe landvorm **H** ontwikkel. (3 x 2) (6)
- [100]**

**VRAAG 2**

- 2.1 Verwys na FIGUUR 2.1, 'n uittreksel van 'n sinoptiese weerkaart. Kies die korrekte term(e) uit dié wat tussen hakies gegee word om ELK van die stellings hieronder WAAR te maak. Skryf slegs die term(e) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.1.1 Die sinoptiese kaart toon tipiese (winter/somer) -toestande.
- 2.1.2 Die laagdruk (L) noord van Kaapstad staan as 'n (kuslaag/gematigde sikloon) bekend.
- 2.1.3 Doupunttemperatuur by Upington is (32 °C/15 °C).
- 2.1.4 Windrigting by Kaapstad is (suidwes/noordoos).
- 2.1.5 Pretoria ervaar (motreën/reën). (5 x 2) (10)
- 2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat verskeie kenmerke/landvorme geassosieer met 'n dreineerbekken voorstel. Identifiseer die kenmerke/landvorme genommer 2.2.1 to 2.2.5. Kies die korrekte kenmerk/landvorm uit die lys hieronder.

samevloeiing; waterskeiding; eerste-orde-stroom; riviermond; rivierkronkel; basisvloei

- Skryf die nommer van die verskynsel neer en die korrekte term langsaan. (5 x 2) (10)



- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 wat die vorming van 'n stormlyn voorstel.
- 2.3.1 Wat word bedoel met die term *stormlyn* soos in die stelling hierbo genoem? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Beskryf sommige van die prosesse (lugbeweging, invloei van lug) wat lei tot die voorkoms van lyndonderstorms. (3 x 2) (6)
- 2.3.3 Watter naam word gegee aan die strook van laagdruk wat uitstrek oor die Suid-Afrikaanse binneland waarlangs lyndonderstorms ontwikkel? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Ontwikkel lyndonderstorms aan die oostelike of westelike kant van die strook van laagdruk genoem in VRAAG 2.3.3? (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Bespreek die gevolge van lyndonderstorms vir boerderyaktiwiteite in Suid-Afrika se binneland. (2 x 2) (4)
- 2.4 FIGUUR 2.4 toon sommige van die uiterste weerstoestande wat onlangs ervaar is. Afrika se bevolking is die kwesbaarste vir klimaatsveranderinge wat plaasvind. Wetenskaplikes blameer globale verhitting vir hierdie uiterste weerstoestande. Globale verhitting word gesien as die gevolg van die vrystelling van meer kweekhuiskasse in die atmosfeer. Ten einde die vrystelling van kweekhuiskasse in die atmosfeer te verminder, het baie lande die Kyoto Protokol in 1997 onderteken.
- 2.4.1 Wat is die betekenis van die term *globale verhitting*? (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Beskryf kortliks waarom globale verhitting plaasvind. (3 x 2) (6)
- 2.4.3 Met verwysing na FIGUUR 2.4, identifiseer TWEE uiterste weerstoestande wat heel waarskynlik deur Afrika se bevolking ervaar sal word. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Waarom dink jy is Afrika se bevolking die kwesbaarste vir klimaatsverandering? (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Na jou mening, dink jy die ondertekening van die Kyoto Protokol was suksesvol in die vermindering van globale verhitting? Gee redes vir jou antwoord. (3 x 2) (6)



- 2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 gebaseer op fluviale prosesse en dreineerbekkens. Na hewige neerslag in hierdie dreineerbekken sal die rivier nie onmiddellik sy afvoerpiek bereik nie. Hierdie verskil in tyd tussen die neerslagpiek en die afvoerpiek, staan as tydsverloop (vertragingstyd) bekend.
- 2.5.1 Identifiseer die dreineerpatrone by **D** en **E** onderskeidelik. (2 x 2) (4)
- 2.5.2 Gee EEN voorbeeld van 'n natuurverskynsel wat die rivier se afvoer sal verhinder. (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Gee EEN voorbeeld van 'n mensgemaakte verskynsel wat die rivier se afvoer sal verhinder. (1 x 2) (2)
- 2.5.4 Stel TWEE positiewe uitwerkinge voor wat die bladwisselende woud (bos) moontlik op die opvangsgebied kan hê. (2 x 2) (4)
- 2.5.5 Verduidelik waarom daar 'n tydsverloop (vertragingstyd) tussen neerslagpiek en afvoerpiek is. (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Waar, by stasie **A** of stasie **B**, sal die tydsverloop (vertragingstyd) langer wees? (1 x 2) (2)
- 2.5.7 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 2.5.6. (1 x 2) (2)
- 2.6 Verwys na FIGUUR 2.6 wat die dwarsprofiel van 'n rivier voorstel, voordat jy die vrae wat volg beantwoord.
- 2.6.1 Identifiseer die rivieroewers (hange) **C** en **D** onderskeidelik. (2 x 2) (4)
- 2.6.2 Waarom vind afsetting op die binne-draai (oewer) plaas? (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Gee en verduidelik EEN manier waarop 'n rivier sy vrag dra. (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Verduidelik waarom oorstroming meer waarskynlik na hewige neerslag om die draai van die rivier sal voorkom. (1 x 2) (2)
- 2.7 Gesteentes het verskillende tipes lae wat aanleiding gee tot unieke landvorme. Gebruik FIGUUR 2.7 om sommige van hierdie landvorme waar te neem en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.7.1 Identifiseer die verskynsels (landvorme) gemerk **E** en **F**. (2 x 2) (4)
- 2.7.2 Noem EEN verskil tussen verskynsel (landvorm) **E** en **F**. (1 x 2) (2)
- 2.7.3 Van watter waarde is hierdie landskap vir die mens? Gee TWEE redes. (2 x 2) (4)
- [100]**



**AFDELING B: MENSE EN PLEKKE: LANDELIKE EN STEDELIKE  
NEDERSETTINGS, MENSE EN HULLE BEHOEFTE**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na FIGUUR 3.1, wat 'n deel van 'n syaansig van 'n nedersetting voorstel. Kies die korrekte term(e) uit dié wat tussen hakies gegee word om ELK van die stellings hieronder WAAR te maak. Skryf slegs die term(e) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Die nedersetting wat voorgestel word, is 'n (landelike/stedelike) nedersetting.

3.1.2 Die nedersetting toon 'n (kern/verspreide) patroon.

3.1.3 Die syaansig van hierdie nedersetting word die (planaansig/stedelike profiel) van die nedersetting genoem.

3.1.4 Die baie hoë geboue is 'n gevolg van (lae/hoë) grondwaardes in die nedersetting.

3.1.5 Hierdie nedersetting sal 'n (hoë/lae) posisie in die stedelike hiërargiese orde beklee. (5 x 2)

(10)

3.2 Verwys na FIGUUR 3.2. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommer (3.2.1 – 3.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.6 G.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Algemene handelaar	A	waarde toegevoeg tot grondstowwe
3.2.2	Buitebandfabriek	B	grootste bydraer tot Suid-Afrika se BBP
3.2.3	Informele sektor	C	diensverskaffer met 'n klein invloedseer
3.2.4	Formele sektor	D	die sektor waar besighede nie by die regering geregistreer is nie en enige beskikbare perseel beset
3.2.5	Pick 'n Pay	E	gebied in die middel van die stad opsy gesit vir kommersiële funksies
		F	diensverskaffer van 'n hoë orde

(5 x 2)

(10)



- 3.3 Verwys na FIGUUR 3.3 wat drie nedersettings aandui wat in grootte en kompleksiteit verskil. Pine Village en Kingstown word as sentrale plekke beskou. Al drie nedersettings beklee verskillende posisies in die stedelike hiërargie.
- 3.3.1 Verwys na die nedersetting bekend as Rocklands in FIGUUR 3.3. Klassifiseer hierdie nedersetting volgens die volgende kriteria:
- (a) Grootte en kompleksiteit (1 x 2) (2)
  - (b) Patroon (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Verwys na die nedersettings bekend as Pine Village en Kingstown in FIGUUR 3.3. Die invloedseer en reikwydte van hierdie twee nedersettings verskil van mekaar.
- (a) Watter nedersetting, Pine Village of Kingstown, sal 'n groter invloedseer en reikwydte hê? (1 x 2) (2)
  - (b) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 3.3.2(a). (1 x 2) (2)
  - (c) Volgens die hiërargiese rangorde van nedersettings, watter nedersetting, Pine Village of Kingstown, sal 'n hoër rangorde hê? (1 x 2) (2)
  - (d) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 3.3.2(c). (1 x 2) (2)
  - (e) Beskryf die verwantskap tussen die aantal nedersettings van 'n spesifieke rangorde en die hiërargiese orde van nedersettings. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Verwys na FIGUUR 3.3. Baie mense sal Rocklands en Pine Village verlaat om in Kingstown te gaan woon.
- (a) Noem EEN fisiese faktor wat daartoe kan lei dat mense Rocklands verlaat om in Kingstown te gaan woon. (1 x 2) (2)
  - (b) Noem EEN sosio-ekonomiese faktor wat daartoe kan lei dat mense Pine Village verlaat om in Kingstown te gaan woon. (1 x 2) (2)
  - (c) Wat is die gevolge van die bogenoemde migrasie van mense na Kingstown vir die landelike landskap? (2 x 2) (4)
  - (d) Beskryf TWEE maatreëls wat ingestel kan word om die migrasie van mense van landelike gebiede na Kingstown te vertraag. (2 x 2) (4)



- 3.4 Baie mense wat na Kingstown migreer sal nie geskikte akkommodasie in die formele behuisingsektor van hierdie nedersetting vind nie en sal hulself in informele nedersettings bevind.

Die volgende uittreksel (aangepas) is uit die *South African Geographical Journal*, November 1997, geneem. In die tien jaar sedert hierdie artikel gepubliseer is, het nie veel vir mense wat in informele nedersettings woon, verander nie. Verwys ook na TABEL 3.4 voordat jy die volgende vrae beantwoord.

**'N TUISTE IS MEER AS 'N HUIS:  
OMGEWINGSOORWEGINGS IN LAEKOSTEBEHUISINGONTWIKKELING  
IN KHAYELITSHA, KAAPSTAD**

'n Onderzoek in Khayelitsha, 'n groot woonbuurt aan die rand van Kaapstad, het die mate waartoe sy inwoners figuurlik binne sy grense in die verloop van hul daaglikse lewe vasgevang is, getoon. Lae-inkomste-krotbewoners ervaar geen waardevolle punte in hul fisiese omgewing nie, maar heg waarde aan baie sosio-ekonomiese punte. Daar word aangevoer dat bewyse bestaan wat bevestig dat gebrekkige klem op openbare inmenging geplaas is om die wêreld anderkant die krot te verander en 'n openbare omgewing te skep wat beter lyk, funksioneel doeltreffend en sosiaal stimulerend is, wat sal help om die ontvreemde omstandighede, wat armoede en die lewe in 'n krot meebring, te verander.

- 3.4.1 Wat is die hoofrede vir die ontwikkeling van informele nedersettings? (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Met verwysing na TABEL 3.4, noem die afkeer wat die hoogste plasing (rang) kry ten opsigte van sosiale leefomgewing. (1 x 2) (2)
- 3.4.3 Met verwysing na TABEL 3.4, watter probleme moet aangepak word om "n omgewing te skep wat beter lyk, funksioneel doeltreffend en sosiaal stimulerend is"? (2 x 2) (4)
- 3.4.4 Baie mense wat in informele nedersettings woon, kry werk in die informele sektor van die ekonomie. Gee EEN voorbeeld van so 'n informelesektor-aktiwiteit. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Deesdae wettig/formaliseer baie lande die vestiging van informele nedersettings. Moet dieselfde in Suid-Afrika gedoen word? Verduidelik jou antwoord. (3 x 2) (6)
- 3.5 Verwys na FIGUUR 3.5. Vanaf die diagram gee EEN:
- 3.5.1 Primêre aktiwiteit (1 x 2) (2)
- 3.5.2 Sekondêre aktiwiteit (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Tersiere aktiwiteit (1 x 2) (2)



- 3.5.4 Steenkoolmynbou is uiters belangrik vir Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling. Die feit dat groot hoeveelhede steenkool as 'n grondstof uitgevoer word, beïnvloed Suid-Afrika se betalingsbalans negatief. Die volhoubare ontwikkeling van die steenkoolmynbou-industrie is belangrik om te verseker dat toekomstige generasies nie uit voorraad met hierdie waardevolle hulpbron sal raak nie.
- (a) Bespreek die belangrikheid van die steenkoolmynbou-industrie vir die ontwikkeling van Suid-Afrika se ekonomie. (2 x 2) (4)
- (b) Waarom sal Suid-Afrika se betalingsbalans negatief beïnvloed word indien groot hoeveelhede steenkool as 'n grondstof uitgevoer word? (2 x 2) (4)
- (c) Mynbouaktiwiteite lei tot verskeie omgewingsongeregtighede. Noem TWEE omgewingsongeregtighede wat moontlik kan spruit uit steenkoolmynbouaktiwiteite noord van Senzinani. (2 x 2) (4)
- (d) Wat kan gedoen word om die omgewingsongeregtighede, genoem in VRAAG 3.5.4(c), reg te stel? (3 x 2) (6)
- 3.5.5 Vervoer is noodsaaklik (belangrik) vir die ekonomiese ontwikkeling van 'n land. Die nedersetting in FIGUUR 3.5 geïllustreer, is goed ingeskakel by sy omgewing.
- (a) Waarom kan ons sê dat die nedersetting geïllustreer in FIGUUR 3.5 goed by sy omgewing ingeskakel is? (1 x 2) (2)
- (b) Bespreek die belangrikheid van 'n goed ontwikkelde vervoernetwerk vir die ontwikkeling van Suid-Afrika se ekonomie. (3 x 2) (6)
- (c) 'n Toename in Suid-Afrika se stedelike bevolking het 'n negatiewe invloed op vervoer en vervoerfasiliteite in Suid-Afrika gehad. Verduidelik waarom dit die geval is. (3 x 2) (6)
- [100]**



**VRAAG 4**

- 4.1 Gebruik FIGUUR 4.1 om jou te help om die vraag hieronder te beantwoord. Kies 'n term uit die lys wat by elk van die stellings gemerk A tot J sal pas. Skryf slegs die letter (A – J) en die term gekies in die ANTWOORDEBOEK neer.

LYS VAN TERME:

sekondêre aktiwiteite; informele handel; kwaterneêre aktiwiteite; landelik-stedelike oorgangsones; positiewe handelsbalans; mynbou; landelike nedersetting; bruto nasionale produk; verspreide nedersetting; kernnedersetting; standplaas; vragverbrekingspunt; tersiêre aktiwiteite; groengordel

A _____	tipe nedersetting bekend as enkelfunksioneel
B _____	patroon met 'n alleenstaande plaasopstal geassosieer
C _____	sone waar landelike en stedelike funksies saamsmelt
D _____	waar een tipe vervoer met 'n ander vervang word
E _____	presiese terrein (grond) waar 'n nedersetting geleë is
F _____	aktiwiteit wat verband hou met die verwerking van grondstof
G _____	ontginning van grondstof vanuit die Aarde
H _____	'n oop ruimte in 'n nedersetting vir ontspanning
I _____	meer goedere word by die hawe uitgevoer as ingevoer
J _____	gespesialiseerde vaardighede en inligting beskikbaar in die SSK

(10 x 2) (20)



- 4.2 Lees die artikel hieronder wat kyk na die verwantskap tussen Vigs en landbou in Zambië, voordat jy die vrae wat volg beantwoord.

### VIGS: DIE UITWERKING OP BESTAANSBOERE

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) hou MIV/Vigs die grootste bedreiging vir menslike gesondheid wêreldwyd in. Om hierdie rede word Vigs as 'n pandemie beskryf. Dit ken geen geografiese, sosiale, etniese en ekonomiese perke nie. Wêreldwyd is ongeveer 34,3 miljoen mense geïnfekteer.

Afrika is oor die algemeen op 'n groter skaal geïnfekteer as ander dele van die wêreld. Ongeveer 21 miljoen mense in sub-Sahara Afrika is MIV positief. Hoewel die syfer hoër in stedelike gebiede is, word die oordrag van die virus na landelike bevolkings as 'n toenemende probleem gesien. Terugkerende trekwerkers en familieledes dra die virus aan landelike gemeenskappe oor.

Vigs hou 'n aantal ekonomiese bedreigings vir landelike Zambië in ten opsigte van arbeidstekorte en stygende produksiekoste. Vigs het die een hulpbron waarop arm plaaswerkers kan staatmaak, aangeval, naamlik hul en hul familie se arbeid. Sommige huishoudings probeer arbeidsvervangings, maar dit is 'n probleem. Om kinders uit die skool te haal, is ook 'n opsie ...

[Aangepas uit: *Geography Review*, Richard Byrne]

- |       |  |         |     |
|-------|--|---------|-----|
| 4.2.1 | Waarom word na VIGS as 'n pandemie verwys?   | (1 x 2) | (2) |
| 4.2.2 | Verduidelik die rol van trekwerkers in die oordrag van die MIV/Vigs-virus na landelike gemeenskappe.                 | (2 x 2) | (4) |
| 4.2.3 | Noem DRIE negatiewe gevolge wat MIV/Vigs op landelike Zambië het.  | (3 x 2) | (6) |
| 4.2.4 | Waarom dink jy arbeidsvervangings is 'n probleem soos aangedui in die artikel?                                       | (1 x 2) | (2) |
| 4.2.5 | Stel TWEE maatreëls voor wat die regering van Zambië kan instel om die probleem van die MIV/Vigs-pandemie te beheer. | (2 x 2) | (4) |



- 4.3 Lees die uittreksel hieronder oor stedelike bevolkingsgroei en beantwoord dan die vrae.

**REGERINGS AANGESPOOR OM TE BEPLAN VIR  
DIE TOENAME IN STEDELIKE BEWONERS**

Regerings moet nou optree om voor te berei vir 'n massiewe toename in stedelike bevolkings veral in Afrika, Asië en Latyns-Amerika. Die stedelike bevolkings van Afrika en Asië groei met 'n miljoen mense per week. Ontmoediging van migrasie na stede deur huise te beperk, lei net tot die groei van krotbuurte. Dit is 'n wanopvatting dat stedelike groei slegs 'n gevolg van migrasie is. Stedelike voortplanting is ook 'n rede. Bemagtiging van vroue en verbetering van voortplantingsgesondheid is belangrik ...

[Aangepas uit: *Daily News Correspondent*, 2007]

- 4.3.1 Die uittreksel sinspeel op TWEE hooforsake van verstedeliking. Noem hulle. (2 x 2) (4)
- 4.3.2 Wat beteken die term *verstedeliking*? (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Noem DRIE uitdagings wat stede in die gesig staar as gevolg van versnelde verstedeliking. (3 x 2) (6)
- 4.3.4 In watter grondgebruiksone sal krotbuurtes waarskynlik ontwikkel? (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Hoe kan bemagtiging van vroue help om die probleem van verstedeliking aan te spreek? (2 x 2) (4)
- 4.3.6 Verduidelik TWEE maatreëls wat ingestel kan word om stedelike gebiede meer volhoubaar te maak. (2 x 2) (4)
- 4.4 Beantwoord die volgende vrae oor nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika.
- 4.4.1 Tot watter ekonomiese sektor behoort industrialisasie? (1 x 2) (2)
- 4.4.2 Wat is die betekenis van *industriële agglomerasie*? (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Verduidelik DRIE maniere waarop industrialisasie tot die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika bydra. (3 x 2) (6)
- 4.4.4 Verduidelik enige TWEE maniere waarop nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika vertraag word. (2 x 2) (4)
- 4.4.5 Verduidelik, met voorbeelde, hoe funksionele onversoenbaarheid die ligging van swaar nywerhede beïnvloed. (2 x 2) (4)



- 4.5 Landbou is 'n belangrike steunpilaar in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Hieronder is 'n balansstaat wat die aanbod en aanvraag (verbruik) van graan in Suid-Afrika aantoon.

<b>GEPROJekteerde Jaarlikse Graanbalansstaat vir Koring vir die 2007/08-Bemarkingseisoen</b>	
<b>Koring</b>	<b>(1 000 ton)</b>
<b>Aanbod</b>	
Openingsvoorraad	850
Kommersiële produksie	1 727
Bestaanslandbou	9
<b>Totale huishoudelike aanbod</b>	<b>2 586</b>
<b>Verbruik</b>	
Menslik	2 798
Diere	14
Ander	15
<b>Totale huishoudelike verbruik</b>	<b>2 827</b>
Plus: Uitvoere	125
<b>Totale aanvraag</b>	<b>2 952</b>
<b>Netto tekort/surplus</b>	<b>?</b>

- 4.5.1 Wat is die verwagte werklike hoeveelheid koring wat in Suid-Afrika in 2007/2008 geproduseer gaan word? (1 x 2) (2)
- 4.5.2 Sal Suid-Afrika in staat wees om te voldoen aan sy totale huishoudelike aanvraag na koring? Verduidelik jou antwoord. (2 x 2) (4)
- 4.5.3 Bereken die netto tekort/surplus vir koringproduksie. (1 x 2) (2)
- 4.5.4 Waarom is die bydrae van bestaansboere tot koringproduksie so laag? (2 x 2) (4)
- 4.5.5 Noem DRIE maniere waarop landbou in die algemeen tot die ekonomie van Suid-Afrika bydra. (3 x 2) (6)
- 4.5.6 Verduidelik hoe die beskikbaarheid van water die ekonomiese ontwikkeling van landelike gebiede beïnvloed. (2 x 2) (4)

**[100]****GROOTTOTAAL: 300**